CROSSROADS
PRISON MINISTRIES
SOUTH AFRICA

# Nuusbrief


Februarie 2021

Beste Mentors,

Ons hoop dat almal nog in goeie gesondheid is en ons is dankbaar dat dit in baie gevalle weer moontlik is om eredienste by te woon.

Lees gerus die meegaande nuusbrief van Crossroads VSA. Dit is baie insiggewend en goeie stof tot nadenke.

Ons het nou die groenlig gekry om by die meeste tronke in te gaan, behalwe vir twee afdelings. Ons is die Here dankbaar vir hierdie mildelike geleenthede. Alle ou- en nuwe studente het sommer weer nuwe moed gekry toe die uitruiling van lesse weer moontlik geword het. Dit is wonderlik om die honger en dors na God se woord so openlik te mag ervaar.




Hiermee saam neem die aantal lesse wat deur die kantoor hanteer word ook geweldig toe - en sal julle as mentors dit ook opmerk.
Ons kan ook rapporteer dat daar by elke fasiliteit na elke besoek, nuwe aansoek vorms ontvang word.

Ons vra alle Mentors dus om, waar enigsins moontlik, die lesse nie langer as n week te hou nie en dit so gou moontlik weer in te gee. Elke tronk word een keer per week op spesifieke dae besoek. As die les dus nie betyds terugkom nie, neem dit 'n ekstra week voordat die student sy gemerkte en nuwe les ontvang. Ons waardeer steeds elke, individuele mentor se insette, moeite en gebede. Julle bydrae is van onskatbare waarde!

***Onthou:***
*- Geen rooi penne of potlood om mee te merk of brief te skryf nie.*
*- Geen name of persoonlike informasie mag uitgeruil word nie.*
*- Julle kan die kontoor enige tyd laat weet as daar moeilike vrae voorkom oor drome, gesigte, vas, tradisionele dokters ens. Ons het ekstra inligting hieroor byderhand en kan dit maklik deurgee om julle te help om die kwessies met wysheid en insig te beantwoord.*
*- Sal elkeen sy of haar eie plastiek les koevert afvee en saniteer - net as 'n ekstra Covid-19 maatreël?*

Met vriendelike groete,

Adriana & Erika